

**BEROEPENUUS – 3 Feb. 2013****Beroepe ontvang**

Proponent RJ Pretorius na Barkly-Oos/Maclear-Elliot-kombinasie.

**God se Woord onveranderlik - ook vir homoseksuele (prof. GJC Jordaan)-  
vervolg van verlede week****Die Bybel nie tydgebonden nie, hoewel tydgerig**

Verder word geredeneer dat die Bybel in die konteks van sy tyd gelees moet word. Ons weet dat God die Bybel nie tydlous gegee het nie. Hy het sy Woord vir ons in die tyd laat opteken deur mense, soos die apostel Paulus. wat in 'n bepaalde historiese konteks geskryf het. Die uitdrukkings wat hulle gebruik, die situasies waaroor hulle skryf, het werklik in die geskiedenis bestaan. So het God gesorg dat sy geboekstaafde Woord op mense van 'n bepaalde tyd en omstandighede in die geskiedenis gerig is. Daarom lees ons nie in die Bybel van lugbesoedeling en rekenaars en ruimteriese nie. Maar dit beteken nie dat God sy Woord in die konteks van daardie tyd laat vasvang het nie. Wat Hy van Homself in die Bybel openbaar, was nie net vir die mense van daardie tyd waar nie, maar is en bly die waarheid vir alle tye tot die einde toe. Ook die sonde en ongehoorsaamheid wys Hy af vir alle tye. Kortom: homoseksualisme is en bly 'n gruwelike sonde voor die Here - nie net vir die mense van daardie tyd nie maar ook vir ons vandag. Dit geld ook vir elke ander sonde.

**Almal in sonde ontvang en gebore**

'n Verdere drogredenasie wat in die program opgeduik het, is dat "dit onmoontlik is dat 'n mens iets sal kies wat hy weet soveel verwerping sal meebring". Met ander woorde: niemand is uit eie keuse homoseksueel nie maar is so gebore. Dit is dus nie sy eie skuld dat hy so is nie en hy kan dus nie daarvoor verkwalik word nie.

Wat sê hierdie argument? Dat iemand wat is soos hy gebore is, onskuldig is. En tog leer die Skrif ons dat alle mense in sonde ontvang en gebore is (HK, So. 3). Hierdie erfsonde is genoeg om ons almal onder God se toorn en oordeel te stel. Ons moet dus ontslae raak van die ou sondaarmens wat ons van geboorte af is. Ons kan ons nie verontskuldig met "maar ek is so gebore" nie. Waarom sou diegene wat homoseksualisme bedryf dan nou 'n uitsondering wees? Ons is almal van geboorte af geneig tot alle kwaad, sodat ons niks goeds kan doen nie behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word (HK, So. 3). Sonder uitsondering het ons Christus se skuldbetaling nodig. Hy gee sy genade aan die wat berouvol na Hom toe kom en in die geloof aan Hom as Saligmaker vasgryp.

*Word vervolg***KATEGISMUS- 450 jaar**

Donderdag 14 Maart 2013 word ons uitgenooi na 'n gesprek oor die Kategismus wat DV sal plaasvind by die Gerf Kerk Oos-Moot. Dit begin om 16h00 en hulle beoog om 21:55 klaar te maak. Die program, al die tye, besonderhede en sprekers is op ons kennisgewingbord aangebring. Dit word sterk aanbeveel. Belangstellendes kan ook met ds. Petrus hieroor kontak.

Vandag- – Elsabe Coertze 0828548236	07/02- Alet Smith 0764735553
Vandag- – Wynand du Plessis 0829696845	10/02- Wynand Du Venage 0834588765
05/02- Henriëtte Putter 0834159241	10/02- Martin Tredoux 0828249398
06/02- Elise Schmidt 0829245456	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Baie geluk met u verjaarsdag

Die blinde dra geen bril en die onverstandige verdra geen teregwyding – CJ Langenhoven

# Die Krugertjie

**Gereformeerde kerk Pretoria(d)**

[www.gkpretoria.org.za](http://www.gkpretoria.org.za) OF  
[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

Kerkkantoor Sr. Amanda Rheeder  
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: [kantoor@gkpretoria.org.za](mailto:kantoor@gkpretoria.org.za)

Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154


Attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar 012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

03 Februarie 2013

**EERSTE EREDIENS – (9h00)**

**Skriflesing:** Genesis 35:15-21; 49:27-33;  
Romeine 7:7-27

**Teks:** Genesis 49:27-28;

Deuteronomium 33:12

**Sing:** Ps. 68:12; Sb 14:1,2; Ps. 84:3,4;  
Ps. 95:1,4

**BENJAMIN – 'N WOLF WAT  
VERSKEUR**

Jakob sê van Benjamin jy is 'n wolf – Die Benjamine is wolwe. 'n Wolf wat verskeur; in die môre eet hy sy prooi en in die aand deel hy buit uit.

As ons na die lewe van Benjamin kyk, ook dié van sy nageslag, dan kom ons gou agter, wie het die botoon gevoer. Alles behalwe is hulle diegene wat ons aan ons regterhand wil hê.

Benjamine, wat ons deur hulle linkerhande tref. Die Woord van die Here kom na ons tot in die fynste besonderhede, want Benjamin beteken, seun van my regterhand, maar wanneer ons in die Bybel op die enigste plekke afkom, waar daar melding gemaak word, van linkshandige mense, dan is dit juis die Benjamine...

**KATKISASIE**– Katkisasie gaan vandag voort.

**TWEEDE EREDIENS – (ná katkisasie)****Skriflesing:** Romeine 1:16-17; 3:21-31**Kategismus**– Sondag 23**Sing:** Ps. 146:1,8; Ps. 89:1,15; Ps. 33:1,2**WAT BAAT DIT JOU DAT JY  
(DIT ALLES) GLO?**

Dis asof die grootheid van dit wat God vir ons doen, te groot raak. Kan dit alles waar wees? Dit maak Sondag 23 'n hoogtepunt in die Kategismus.

Sondag 23 wil as ons belydenis die oortuiging neerlê wat uit u eie hart en mond moet kom dat alles wat ons tot nou toe bely het, is waar, dit is die werk van God. God wat die onmoontlike moontlik maak. Dit wat vir ons onmoontlik was, die grootheid van alles wat God my bied, dit word nou moontlik deur die geloof alleen.

God wat alles werk, het vir my geloof geskenk. Dis asof die belydenis nie uitgepraat kan raak oor wat geloof is nie. Hier is 36 vrae en antwoorde in ons belydenis wat oor die geloof handel.

**Predikant:**

Ds. Petrus Venter  
012- 3356130  
0847042348 (P) 0845119620(C)  
[pjventer@gkpretoria.org.za](mailto:pjventer@gkpretoria.org.za)  
9 de Laan 880  
Wonderboom-Suid  
[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

**Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)****Vandag-Wyke 11 en 12**

Ouderlinge: Andries du Plessis en Boere Smith  
Diakens: Stephan du Plessis en Bernard Vorster

**Volgende Sondag- Wyke 14 en 16**

Ouderlinge: Flip Minnaar en Rudolf Bester  
Diakens: Abrie Möller

**DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...**

Sr's Petro Riphagen en Marie Eloff wat beide in hierdie tye operasies ontvang het, is ons dankbaar dat die operasies afgehandel is. Ons vertrou dat dit geslaagd mag wees en bid hulle volle herstel toe. **Br Piet van der Kooi** word aan die genadetroon van die Here opgedra. Alles en alles het die beroertes en dinge wat daarmee saamgaan groot impak op die geheel van sy gesondheid gehad. Ons vertrou dat die Here hom weer vanuit hierdie terugslae sal sterk maak. **Ds. Andries Mulder** is ons gebed waar hy tuis is hy na behore kan herstel. **Br Dries de Ridder** wat vir lang tye erge moegheid ervaar en asemnood ervaar dra ons aan die genadetroon van die Here op.. Ons bid ook om troos vir die **De Ridder-familie** waar br Dries se broer, br Johan de Ridder die afgelope week oorlede is. Hy is Vrydag begrawe. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Sr Cora Kruger** is ons dankbaar dat sy hierdie week na Harmoniehof kon terugkeer. Ons vertrou dat sy nog verder mag aansterk. **Br. Phil van der Merwe (Suidkus)** word aan die genadetroon van die Here opgedra. Hy kry die laaste tyd baie swaar met sy gesondheid.. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons bid ook vir **dr. Johannes Bingle**, broer van **sr Margaretha Coetzee** wat weer terugslae gehad het. Hy is weer in die hospitaal opgeneem, onder ander oor nierversaking. Mag daar vir hom weer beterskap wees.

**ALMANAKKE–**

Ons jaar kalenders vir 2013 is gereed. Dit kan by die konsistorie afgehaal word of anders moet u u ouderling daarna vra.

Die boekie vir ons susters wat as hulle aankondiger dien is ook gedruk. Daarin is al die skinkbeurte, verjaardae, tel-nommers en alle ander sake vir 2013 opgeneem. Dit kan by die deure afgehaal word.

**SUSTERS-SAAMTREK 2013**

Die saamtrek van ons susters vind DV op 9 Maart 2013 plaas. Hierdie jaar word dit deur die susters van die Gerf kerk Akasia aangebied. Die tema vir die saamtrek is– *Gelowige vrou altyd diensbaar waar God jou in sy Koninkryk wil gebruik.* Die spreker sal wees dr. Mariana van Loggerenberg. Fanie de Jager sal as gaskunstenaar optree. Koste is R100-00. Laat weet asb. so gou moontlik vir sr Christine wie die saamtrek wil bywoon. Sy sal vroeg in Februarie die getal moet deurgee.

**WEBWERF / BAKKIESBLAD**

– Al die jongste preke, gebeure en Krugertjies kan afgelaai word op ons webwerf of op ons facebook: Webblad is <http://bit.ly/XLITik>  
Facebook is [on.fb.me/14sXfbM](https://www.facebook.com/14sXfbM)

**KOLLEKTE**

<b>Vandag: 1ste diens</b>	DVB- Zimbabwe hulpfonds	Zambië
<b>2de diens</b>	DVB	Instand- houding
<b>10/02/2013 1ste diens</b>	DVB	Emeritaat
<b>2de diens</b>	DVB	Instand- Houding

**DAGBOEK**

DATUM	GEBEURTENIS
<b>07/02</b>	Oudl vergd
<b>09/02</b>	Oudl toerusting
<b>09/02</b>	Algemene susters-vergd
<b>10/02</b>	Voorbereiding
<b>16/02</b>	65+ Onthaal
<b>17/02</b>	Nagmaal

**SUSTERS-VERG.–9 Feb. 2013**

Ons susters wil die nuwe jaar afskop met 'n werksdag. Kom help asb. om op 9 Feb. 'n groot poging aan te wend om ons kombuis en spens weer netjies en skoon te kry. Ons hou eers n kort vergadering waarna ons met die skoonmaak aksie gaan begin. Tyd 10h00

**SUSTERS–  
ETE NÀ NAGMAAL- 17 Feb. 2013**

Koue hoenderstukkies, frikkadelle, koue tong, aartappelslaar, wortelslaai, beet en broodjies

**OULD– TOERUSTING– 9 Feb. 2013**

Ons ouderlinge het versoek dat hulle graag 'n toerusting-geleentheid wil ontvang. Komende Saterdag wil ons dan begin deur te praat oor die–

**Doel en inrigting van huisbesoek.  
Ons begin DV om 9h00****PAUL KRUGER-KINDERHUIS**

Ons vestig net u aandag op die SMS-nommer wat u kan skakel om aan die kinderhuis 'n bydrae te maak. Al wat u moet doen, is om die woord PKK te SMS na nommer 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

**Vervolg van verlede week****DANIËL 7**

**`n mond:** Wys op sy vermetelheid, bv Jes 37:23; Obadj 1:12; Ps 12:4; 73:8. In Openb 13:5 sien ons weer die dier met sy lastertong.

Vreeslik het die gelowiges deur die geskiedenis onder die diere gely, van die vervolgings van die eerste Christene af. Vandag selfs ly die regverdiges nog verdrukking en spot.

**7:9,10, trone reggesit** – `n Alternatiewe ou vertaling lees dat trone “omgewerp” is, en laat dit lyk asof gesê word dat die trone van die wêreldryke omgestoot word. Daar is egter `n eenheid in die sin daarin dat die “Oue van dae” gaan sit, en verder in die vers dat Sy troon vuurvlamme was. Die regte vertaling is dus dat die trone “reggesit” word.

Die meervoud, “trone” (ook: “setels”, soos vir `n sitting van die gereg) laat sommige verklaarders dink aan engele, wat regstaan om God se regsbesluite uit te voer, en selfs die 24 ouderlinge van Openb 4:4. Lees hieroor ook 1 Kon 22:19ev; Job 1:6; Ps 89:8; sien ook Openb 20:4.

**`n Oue van dae** - `n “eerbiedige aanduiding van God Self” (BVA). Sien Ps 55:20; Openb 4:2-3.

**Wit** – Die heiligheid van die HERE word daarmee aangedui, soos ook in Openb 4:3, waar Sy heiligheid gesien word deur Johannes, dat Sy voorkoms soos Jaspis (wit) is.

**Sy troon was vuurvlamme . . . die wiele daarvan `n brandende vuur** – Dit is `n troonwa, wat laat dink aan die vurige wa wat Elia weggevoer het en die vurige waens wat Elisa om die stad gesien het, toe Israel se vyand hom wou vang. Dit spreek ook van majesteit en heiligheid. In v 10 word vuur gesien wat vloei. Saam met Openb 4:5, waar weerligte uit die troon gaan, wys dit op die volvoering van God se gerigte.

**Duisend maal duisende** – Dink ook aan die gesigte van die skare van verlostes in Openbaring.

**Die gereg** – “hemelse assessors van die Regter-Koning” (BVA). **Het gaan sit** – “in

sitting gegaan” (BVA).

**Boeke is geopen** – Die woord wat vir “boeke” gebruik is, se grondbetekenis is “graveer”. In Babilonië was gegraveer op kleitablette.

Ons moet hierby in gedagte hou dat God alwetend is, voorkennis besit, en Sy kinders uitverkies het voor die grondlegging van die aarde. Hierdie kennis word uitgedruk deur die voorstelling van die Boek van die Lewe (bv in onder andere Openb 13:8 en 17:8 genoem). In **Openb 20:12 en 15** staan dat klein en groot, ook die wat uit die dood opgestaan het voor God sal staan, en die boeke word dan geopen. As iemand se naam nie in die Boek van die Lewe opgeskryf is nie, word hy in die poel van vuur gewerp. **Belangrik om hieroor te lees:** Ex 32:32; Ps 139:16; 149:9; 69:29; Jes 4:3; 65:6; Dan 12:1; Mal 3:16; Luk 10:20; Fil 4:3;

Een kommentaar skryf pragtig hieroor (my vertaling): “Die toneel wat getoon word is van onuitspreeklike grootheid . . . ons sien die vlamme troon; die Regter geweldig in die hoogheid van ongenoemde ewighede, omring deur miljoene engele wat regstaan om Sy wil te doen; (`n magdom) aanskouers wat wag en luister . . . Daniël is toegelaat tot die teenwoordigheid van God in die hemele en hy sien Hom Sy regspraak oor die bose, voorberei.

**7:11** – Steeds ontsteld oor die lastering deur die dier, bly Daniël kyk om die uitkoms van die geregsitting te sien. Oor die hofsitting hoor ons niks, maar die uitkoms daarvan word gegee. Die dier word tereg gestel. Verbranding was in Babilon die straf vir lastering, en dit het dus moontlik al heengewys na wat aan die einde van die tye gaan gebeur. Die dier (en sy ryk) word beëindig, net soos die Romeinse Ryk eindig omdat sy keisers hulle self as gode laat vereer het.

**7:12** – Volgens BVA is hierdie vers `n teruggryp na wat met die eerste drie wêreldryke gebeur het. Die tye van elke volk en nasies bepaal deur God. Lees daaroor Jes 40:23-24. Dit moet ons troos ook wees.

Word vervolg

**HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-**

3 Feb. 1922– Genl. CR de Wet oorlede; 4 Feb. 1911– Genl. Piet Cronje oorlede; 6 Feb. 1838– Piet Retief en die Voortrekkers saam met hom deur Dingaan vermoor; 7 Feb. 1959– Dr. DF Malan oorlede; 9 Feb. 1941– Dr. JD Kestell oorlede; 11 Feb. 1859– Stigting van die Gerf kerk Rustenburg as begin van die GKSA; 12 Feb. 1972– Dr. AD Keet oorlede; 16 Feb. 1838– Dr. A Pannevis gebore; 16 Feb. 1905– Verplasing van die Teol. Skool na Potchefstroom; 18 Feb. 1546– Maarten Luther oorlede; 19 Feb. 1896– Dinamiet-ontploffing in Johannesburg; 21 Feb. 1877– JD du Toit (Totius) gebore